Die Bynes Preprimêr

Posbus 250
PETRUSBURG
9932

Telefoon: (+27) 82 545 6963 E-Pos: diebynes@gmail.com

Liewe Bynes-vriend
Ons is bevoorreg om Bynes-kleuterskool reeds vir dekades deel van ons gemeenskap te hê. Bynes is 'n belangrike bousteen en sonder die skool, sal baie kinders hier sonder 'n heenkome wees of vroegtydig weggestuur moet word.

Ons wil daarom graag alles in ons vermoë doen om die diens te bied.
Die Covid-pandemie het mense hard getref, die skool ook. Daarom vra ons met vrymoedigheid om ons volgende projek te ondersteun:

BYNES MARKDAG!!
DATUM: 31 OKTOBER 2020
Kom ondersteun ons markdag! Ons gaan bied:
- heerlike sosaties en worsbroodjies.
- 'n koek-tafel
- nagereg-tafel
- pannekoek
- koffie en koeldrank

Ons hou ook 'n rommel-verkoping.
Vir die markdag benodig ons skenkings in die vorm van nageregte, koeke & ander gebak, pannekoekdeeg en/of kontant donasies. Ons is ook opsoek na enige items wat in u huis rondlê n nie meer benut word nie. Soos ou klere en skoene, boeke, kombuisware, gereedskap, speelgoed en meubels.

Donasies kan gemaak word aan:
Die Bynes Priprimere Skool,
FNB, 532 906 267 80, 250 655.

Skenkings vir die rommelverkoping kan by die kleuterskool afgegee word.
Vul asseblief die onderstaande vorm in en een van ons verteenwoordigers sal dit weer by u kry.

Jy kan ook van jou bydrae per sms laat weet (082 545 6963).

Groete
Carina de Lange Skoolhoof: Bynes Priprimer
NAAM & VAN:.....
Selfoon nommer:.....

NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade 'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg
Kerkkantoor ure: Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

11 Oktober 2020

Hartlik welkom in die huis van die Here

09:30 – Erediens

Ds. Jaco Thom

Skriflesing: Genesis 45

Tema: Josef vergewe sy broers

Ons wil graag hoor en verstaan iemand is jammer oor die seer wat hy/sy ons aangedoen het; dan is ons bereid om te vergewe. Maar van berou staan daar in Gen 45 nie 'n enkele woord nie!

Deuroffers vandag:
Erediensnetwerk
Deuroffers volgende Sondag:
Hospitaalbediening

Voorbidding

Daar is tans 12 inwoners en 5 personeellede in Ons Woning Corona-positief. Nog 5 personeellede wag nog op hulle uitslag.
Minnie Griessel – Gaan Dinsdag 'n knop in die bors verwykder, ons bid dat alles goed sal gaan en dat die knop nie skadelik is nie.
Bid asb vir die toenemende spanning en woede in die land oor plaasmoorde. Bid dat die politieke wil sal ontwikkel om plaasmoorde te takel, en vir kalmte onder die boere. Bid veral ook vir die Here se bewaring.

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees!

Oktober

11 **Magriet Dexter (89j)**
11 Aggie Thirion
12 Sakkie Hartzer
13 Kittie Bodenstein (88j)
14 Judy Hugo
16 Zelda Du Preez

Huweliksherdenking

14 Marnus & Retha Nel (3j)

Tiende Maand Insameling

Die Augustusmaand-insameling is verskuif na Oktober. Hierdie geld word nie binne die gemeente spandeer nie, maar gaan vir Ons Woning, Ons Kinderhuis, Bybelverspreiding en plaaslike sendingwerk.

Ons program

Die Bybelskool hervat!

Ons begin weer Dinsdag 13 Oktober om 18:00 met Bybelskool in die kerksaal (LW).
Ons onderwerp is: *Die Bybel as unieke boek, en hoe dit tot stand gekom het.*
Almal is welkom. Bring jou Bybel, 'n skryfding en 'n masker saam.

Hervormingsfees

Die laaste Sondag van Oktober is elke jaar Hervormingsfees, waartydens ons dankbaar ons gereformeerde erfenis onthou en vier. Dit is 'n gesamentlike diens met die Gereformeerde Kerk.

Kerkraadsvergadering

Dinsdag 27 Oktober om 18:00 in die konsistorie : Kerkraadsverkiesing

GEBEDSWAG: 19-24 Oktober 2020

Borge vir die Kalender van 2021

Ons het sowaar nog net drie maande van die jaar oor en ds. Jaco is reeds besig met die Kalender . Ons vra weer borge asseblief, dit is weer R135 'n maand se borg. Indien u belangstel om 'n maand te borg email asseblief die volgende na die kerkkantoor:

- Die maand wat u wil borg,
- Besigheidslogo/ 'n mooi foto en of boodskap wat vir u baie beteken,
- Bewys van betaling asb.

Die vorige jaar was al die maande in die eerste week geborg, moet dus nie te lank wag nie. ***Laat weet asseblief voor of op 23 Oktober***.

Email addres: ngkpetrusburg@gmail.com

Bankbesonderhede:
NG Kerk Petrusburg
Absa
Rek: 2610580001
Verwysing: Voorletters +Van en Kalender

Skrywe van die moderamen van VS Sinode

PLAASMOORD: PAUL ROUX

Ons het met skok en afgryse kennis geneem van die koelbloedige moord op die 21-jarige plaasbestuurder van Paul Roux, Brendin Horner. Ons sukkel om ons emosie oor hierdie sinnelose daad in woorde om te sit, maar wil langs hierdie weg vir die familie en vriende van die jong Brendin, die gemeente en gemeenskap van Paul Roux en die landbougemeenskap van ons geliefde provinsie verseker van ons opregte meelewing.
Ons huil as NG Kerk Vrystaat saam met julle.
Die NG Kerk Vrystaat herbevestig vorige verklarings in hierdie verband. Ons spreek ons andermaal teen enige vorm van geweld uit. Ons spreek ons andermaal teen die neem van onskuldige lewens, uit. Ons spreek ons by name, weer teen plaasmoorde uit.
Ons het kennis geneem van die verklaring van AgriSa in verband met plaasmoorde. Ons het kennis geneem dat die regering ernstig aandag aan die saak van plaasmoorde gaan gee. Ons het kennis geneem dat daar planne in plek geplaas is, maar ons kom nou sê dat ons nie langer kan wag nie. Dit is nou tyd om op te tree en ons doen 'n ernstige beroep op die president, regering en verantwoordelike partye om op te tree.
Ons versoek al ons lidmate andermaal om nie op te hou om vir ons boere, plaasarbeiders, plase en die landbougemeenskap as 'n geheel te bid nie. Kom ons vat hande en bid dat die Here 'n laer van engele rondom ons elkeen sal oprig.
Seënbede.